# SUIDWES AFRIKA BEVOLKING

DEUR

## H. FOURIE

EERSTE BEPLANNER : S.W.A. ADMINISTRASIE

SAMESTELLING EN GROEI

Die gebied Suidwes-Afrika beslaan ŉ oppervlakte van 824 269 vk. km waarbinne daar tans ongeveer 935 000 mense woon. Hierdie bevolking kan in 12 groepe verdeel word waarvan die Wambo's verreweg die grootste is. Tans bestaan 46% van die totale bevolking van Suidwes-Afrika uit Wambo's.

Ander bevolkingsgroepe wat in 1970 meer as 5% van die totale bevolking van Suidwes-Afrika uitgemaak het, is die volgende : Blankes (12,1%); Damaras (8,7%); Herero's (6,6%) en Kavango's (6,6%). Die kleinste bevolkingsgroep is die Tswanas wat 0,5% van die bevolking van S.W.A. uitmaak.

Die totale bevolking van Suidwes-Afrika was volgens die 1970 Bevolkingsensus 746 327, teenoor 434 081 in 1951 en 227 739 in 1921. Die gemiddelde groei van die bevolking tussen 1951 en 1970 was dus 2,9% per jaar.

Gebaseer op die groeitendense vir die verskillende bevolkingsgroepe tot en met 1970, is beramings van die samestelling en totale bevolking vir 1978 en 2000 gemaak. Hierdie inligting word in tabel 1 vervat.

Hiervolgens blyk dit dat die bevolking van Suidwes-Afrika tussen die jare 1970 en 2000 meer as sal verdubbel, indien die huidige groeitendense voortduur. Verderaan blyk dit dat al die bevolkingsgroepe behalwe die Blankes, Kaokolanders, Herero's Tswanas en "ander" persentasiegewys in die jaar 2000 ŉ groter gedeelte van die totale bevolking van Suidwes-Afrika sal vorm as in 1970.

2. BEVOLKINGSTRUKTUUR

Die ouderdomstruktuur van twee van die bevolkingsgroepe van Suidwes-Afrika word op die bygaande bevolkingspiramides met dié vir die bevolking van Suidwes-Afrika as ŉ geheel vergelyk, nl. dié van blankes en van Wambo's.

Van die breë basis van die bevolkingspiramide vir Suidwes-Afrika as ŉ geheel kan afgelei word dat die gebied se bevolking nog ŉ redelike hoë geboortekoers het soos wat by die meeste ontwikkelende lande die geval is.

ŉ Nadeel verbonde aan so ŉ tipe bevolkingstruktuur soos hierdie is dat ŉ groot deel van die bevolking in die afhanklike ouderdomsgroepe is, wat dit heelwat moeiliker en duurder vir die persone in die nie-afhanklike ouderdomsgroepe maak om hulle te onderhou en van ŉ goeie opvoeding te voorsien.

Ten opsigte van die indiwiduele bevolkingsgroepe het die Blankes en Kaokolanders piramides met noemenswaardig smaller basisse as die vir S.W.A. as geheel, terwyl die Basters, Kavango's, Oos-Capriviane, Boesmans en Damaras se basisse weer breër as vir S.W.A. as geheel is.

By die "ander" bevolkingsgroepe is die groot aantal mans in die ouderdomsgroepe 15-24 waarskynlik te wyte aan kontrakarbeiders uit die R.S.A. wat in S.W.A. werksaam is.

In tabel 2 word die afhanklikheidsindeks en manneverhouding vir die verskillende bevolkingsgroepe in S.W.A. aangedui.

Normaalweg word daar ongeveer 102 mans vir elke 100 vroue gebore, wat ŉ manneverhouding van 1,02 sal beteken. By drie bevolkingsgroepe nl., die Blankes, Kleurlinge en Tswanas is die syfer noemenswaardig hoër as 1,02. Dit is by hulle waarskynlik te wyte aan oorwegend manlike immigrasie uit aanliggende gebiede. By die Oos-Capriviane, Damaras en Kavango's is dit weer noemenswaardig laer as 1,02. Dit kan waarskynlik aan ŉ besonder hoë sterftesyfer onder die mans (mans se sterftesyfer is normaalweg effens hoër as dié van vrouens) sowel as kontrakwerk in aanliggende gebiede, te wyte wees.

Die hoë afhanklikheidsindekse vir die oorgrote meerderheid van S.W.A. se bevolkingsgroepe is daaraan te wyte dat ŉ groot deel van dié bevolkingsgroepe se mense in die nie-ekonomiese bedrywige ouderdomsgroepe val. Aangesien so ŉ hoë afhanklikheidsindeks ŉ swaar finansiële las op die ekonomies bedrywige deel van die bevolking plaas, kan dit die ekonomiese en sosiale opheffing van die bevolkingsgroep strem.

Slegs by twee van die bevolkingsgroepe in S.W.A. ("ander" uitgesluit) naamlik die Blankes en die Kaokolanders, word ŉ redelike lae afhanklikheidsindeks aangetref.

3. BEVOLKINGSVERSPREIDING

Die bevolkingsverspreiding vir Suidwes-Afrika word op die meegaande kaart aangetoon.

Wat die plattelandse bevolking van Suidwes-Afrika as geheel betref, word die digste verspreiding in die noorde aangetref wat ook die gebied met die hoogste reënval en die hoogste landboupotensiaal is. Die ylste bevolking word weer in die droë gebiede van S.W.A., naamlik die weskus en die suide, veral die suidweste, aangetref soos aangedui op die bevolkingsverspreidingskaart.

TABEL 1 BEVOLKINGSGETALLE EN -SAMESTELLING : S.W.A

| Bevolkingsgroep | Jaarlikse[(1)] % Groeikoers | 1970 Getal[(2)] | 1970 % | 1978 Getal[(3)] | 1978 % | 2000 Getal[(3)] | 2000 % |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Blankes | 2,2 | 90658 | 12,1 | 107898 | 11,5 | 173519 | 10,1 |
| Kleurlinge | 2,9 | 28275 | 3,8 | 35541 | 3,8 | 66135 | 3,9 |
| Basters | 3,4 | 16474 | 2,2 | 21525 | 2,3 | 44859 | 2,6 |
| Namas | 3,0 | 32853 | 4,4 | 41617 | 4,5 | 79537 | 4,6 |
| Wambo's | 2,9 | 342455 | 45,9 | 430453 | 46,0 | 801002 | 46,3 |
| Kavango's | 3,1 | 49577 | 6,6 | 63292 | 6,8 | 123397 | 7,1 |
| Oos-Capriviane | 3,2 | 25009 | 3,4 | 32175 | 3,4 | 63998 | 3,7 |
| Kaokolanders | 1,6 | 6467 | 0,9 | 7343 | 0,8 | 10347 | 0,6 |
| Damaras | 3,1 | 64973 | 8,7 | 82947 | 8,9 | 161718 | 9,3 |
| Herero's | 2,6 | 49202 | 6,6 | 60417 | 6,5 | 105932 | 6,1 |
| Boesmans | 3,3 | 21909 | 2,9 | 28406 | 3,0 | 57621 | 3,3 |
| Tswanas | 3,2 | 3719 | 0,5 | 4784 | 0,5 | 9517 | 0,5 |
| Ander | 2,8 | 14756 | 2,0 | 18403 | 2,0 | 33510 | 1,9 |
| Totaal | | 476327 | 100,0 | 934801 | 100,0 | 1731152 | 100,0 |

Bronne : (1) Departement van Statistiek
(2) Departement van Statistiek : 1970 Bevolkingsensus
(3) Projeksies :

Yl verspreiding van die bevolking in die noorde is in ŉ groot mate te wyte aan ŉ watertekort buite die reënseisoen en die voorkoms van gifblaar wat veeboerdery bemoeilik.

In Tabel 3 word die stedelik tot plattelandse bevolkingsverhouding vir Suidwes-Afrika, aangedui.

Ongeveer ŉ kwart van die bevolking in 1970 was in stede en dorpe woonagtig terwyl die res op die platteland gebly het. Van die onderskeie bevolkingsgroepe was die Blankes (74%) en Kleurlinge (72%) in die grootste mate verstedelik terwyl ook ŉ noemenswaardige gedeelte van die "ander" bevolkingsgroepe (50%), Basters (46%), Damaras (42%), Tswanas (31%) en Namas (31%) verstedelik was.

Sedert 1936 was die groeikoers van die stedelike bevolking vinniger as dié van die plattelandse bevolking, soos aangedui op die bygaande grafiek. Teen die huidige koers van verstedeliking sal daar teen die jaar 2000 ongeveer ŉ gelyke aantal mense in Suidwes-Afrika se platteland en stede woonagtig wees.

Dit kan egter aanvaar word dat die koers van verstedeliking in die toekoms sal moet versnel soos wat in ontwikkelende lande die geval was, aangesien dit te betwyfel is of die platteland van S.W.A. ŉ verdere groot toename in bevolking sal kan dra.

4. INDIENSNEMING

Soos aangedui in tabel 4, was ongeveer 66% van die bevolking van Suidwes-Afrika nie-ekonomies bedrywig.

Vir die onderskeie bevolkingsgroepe wissel die nie-ekonomies bedrywige gedeelte vanaf ongeveer 59% in die geval van die Tswanas, Kaokolanders en Blankes tot 78% in die geval van die Oos-Capriviane. By die "ander" bevolkingsgroepe is daar volgens die sensus slegs 28% nie-ekonomies bedrywig omdat die grootste deel van hierdie groep kontrakwerkers vanuit gebiede aanliggend tot Suidwes-Afrika verteenwoordig.

Soos verder aangetoon in Tabel 4, is 51,2% van die ekonomies bedrywige bevolking van Suidwes-Afrika aan die Landbou verbonde. Die tweede grootste groep (15,7%) is in die dienste teenwoordig. Die ander sektore waaraan ook meer as 5% van die ekonomies bedrywige bevolking verbonde is, is konstruksie, mynbou en handel.

Daar bestaan egter ŉ moontlikheid dat die hoë persentasie mense wat in die landbousektor werksaam is, veral in die noordelike gebiede van S.W.A., op verskuilde

* Eerste Beplanner S.W.A. Administrasie

TABEL 2 S.W.A. 1978 - AFHANKLIKHEIDSINDEKS EN MANNEVERHOUDING

| Bevolkingsgroep | Afhanklikheidsindeks $\frac{(0\text{-}14)+(65+)}{(15-64)} \times \frac{100}{1}$ | Manneverhouding $\frac{\text{Mans}}{\text{Vrouens}}$ |
|---|---|---|
| Blankes | 62,8% | 1,08 |
| Kleurlinge | 89,6% | 1,12 |
| Rehoboth Basters | 117,2% | 0,97 |
| Namas | 89,6% | 1,03 |
| Wambo's | 99,8% | 1,02 |
| Kavango's | 110,9% | 0,96 |
| Oos-Capriviane | 120,6% | 0,90 |
| Kaokolanders | 54,2% | 1,05 |
| Damaras | 100,1% | 0,94 |
| Herero's | 100,7% | 0,97 |
| Boesmans | 96,9% | 1,05 |
| Tswanas | 77,2% | 1,11 |
| Ander | 26,3% | 3,76 |
| Totaal | 92,6% | 1,04 |

Bron : Departement van Statistiek : 1970 Bevolkingsensus : soos verwerk

werkloosheid dui. Met die uitsondering van die Blankes, Kleurlinge en Basters, bevind al die bevolkingsgroepe hulle oorwegend in die landbou.

## 5. TALE

Wat die huistaal van die verskillende bevolkingsgroepe van Suidwes-Afrika betref, is die volgende van belang :

Dit kan aanvaar word dat Afrikaans die sterkste taal in Suidwes-Afrika is, aangesien dit deur die grootste gedeelte van die bevolking gepraat kan word. Waarskynlik, amper net so sterk is die verskillende Wambo-tale (Ndonga, Kwanyama en ander, gesamentlik. Nama/Damara word ook deur 'n aansienlike getal mense gepraat.

Ten opsigte van die indiwiduele bevolkingsgroepe blyk die volgende : Ndonga en Kwanyama word beide deur ongeveer 39% van die Wambo's as eerste taal gebesig, terwyl die res hoofsaaklik ander Wambotale gebruik.

In die geval van die Blankes is Afrikaans (70%), Duits (18%) en Engels (10%) die drie belangrikste tale.

Die Rehoboth Basters en Kleurlinge praat ook feitlik uitsluitlik Afrikaans.

Die Namas en Damaras praat hoofsaaklik Nama/Damara, terwyl ongeveer 17% van die Boesmans ook hierdie taal gebruik.

Die Herero's praat feitlik uitsluitlik Herero as eerste taal. Onder Kaokolanders is Herero (76%) ook die sterkste taal.

By die ander bevolkingsgroepe van Suidwes-Afrika word gevind dat elke groep hoofsaaklik sy eie inheemse taal of tale as eerste taal gebruik.


## 6. GEVOLGTREKKINGS

Suidwes-Afrika het 'n heterogene bevolking wat tans teen 'n baie hoë groeikoers aanwas. Binne die volgende 25 jaar behoort die bevolking te verdubbel indien die huidige groeikoers gehandhaaf word.

Die geboortekoers van al die inheemse bevolkingsgroepe van Suidwes-Afrika uitgesonderd die Blankes en Kaokolanders is tans so hoog dat dit 'n stremmende uitwerking op die ontwikkeling van daardie bevolkingsgroepe kan hê. Met die uitsondering van die Kaokolanders, Tswanas en Blankes is 'n groot deel van die bevolking in die ouderdomsgroep 15 - 64 nie-ekonomies bedrywig.

Die feit dat meer as die helfte van die ekonomies bedrywige bevolking van S.W.A in 1970 aan die landbou verbonde was terwyl die bydrae van landbou en vissery gesamentlik tot die B.B.P. in daardie jaar slegs 17% was, dui op heelwat verskuilde werkloosheid binne daardie sektor.

## 1970 BEVOLKINGSPIRAMIDE : BLANKES




TABEL 3 BEVOLKING : STEDELIK - PLATTELANDS : SUIDWES-AFRIKA (1970)

| Bevolkingsgroep | Totaal | Stedelik | | Plattelands | |
|---|---|---|---|---|---|
| | | Getal | % | Getal | % |
| Blankes | 90 658 | 67 099 | 74,0 | 23 559 | 26,0 |
| Kleurlinge | 28 275 | 20 414 | 72,2 | 7 811 | 27,8 |
| Rehoboth Basters | 16 474 | 7 633 | 46,3 | 8 841 | 53,7 |
| Namas | 32 853 | 10 004 | 30,5 | 22 849 | 69,5 |
| Wambo's | 342 455 | 32 122 | 9,4 | 310 433 | 90,6 |
| Kavango's | 49 577 | 2 156 | 4,3 | 47 421 | 95,7 |
| Oos-Capriviane | 25 009 | 21 | 0,1 | 24 988 | 99,9 |
| Kaokolanders | 6 467 | 73 | 1,1 | 6 394 | 95,9 |
| Damaras | 64 973 | 27 552 | 42,4 | 37 421 | 57,6 |
| Herero's | 49 202 | 12 162 | 24,7 | 37 040 | 75,3 |
| Boesmans | 21 909 | 777 | 3,5 | 21 132 | 96,5 |
| Tswanas | 3 719 | 1 162 | 31,2 | 2 557 | 68,8 |
| Ander | 14 756 | 7 313 | 49,6 | 7 443 | 50,4 |
| Totaal | 745 876 | 188 438 | 25,3 | 557 438 | 74,7 |


Bron : Departement van Statistiek : 1970 Bevolkingsensus

TABEL 4 SUIDWES-AFRIKA (1970) : BEROEP VOLGENS SEKTOR


| | TOTAAL | LANDBOU | MYNBOU | FABRIEKSWESE | ELEKTRISITEIT | KONSTRUKSIE | HANDEL | VERVOER | FINANSIERING | DIENSTE | NIE-KLASSIFISEERBAAR EN ONBEKEND | NIE-EKONOMIES BEDRYWIG |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Blankes | 100,0 | 6,3 | 3,1 | 2,4 | 0,2 | 3,2 | 8,0 | 4,3 | 2,6 | 8,4 | 2,3 | 59,2 |
| Kleurlinge | 100,0 | 6,1 | 0,4 | 3,1 | 0,0 | 9,1 | 4,3 | 1,5 | 0,2 | 7,7 | 6,1 | 61,5 |
| Basters | 100,0 | 6,4 | 0,5 | 1,1 | 0,0 | 7,7 | 3,0 | 0,3 | 0,1 | 5,0 | 5,7 | 70,2 |
| Namas | 100,00 | 15,6 | 0,2 | 0,2 | 0,0 | 2,5 | 1,9 | 1,2 | 0,1 | 9,2 | 7,8 | 61,3 |
| Wambo's | 100,0 | 18,5 | 3,2 | 1,5 | 0,1 | 1,8 | 1,1 | 0,9 | 0,1 | 3,1 | 0,7 | 69,0 |
| Kavango's | 100,0 | 21,0 | 0,6 | 0,3 | 0,1 | 1,2 | 0,4 | 0,7 | 0,1 | 2,1 | 0,5 | 73,0 |
| Oos-Capriviane | 100,0 | 14,6 | 0,1 | 0,3 | 0,1 | 2,7 | 0,7 | 0,2 | 0,0 | 2,1 | 0,8 | 78,4 |
| Kaokolanders | 100,0 | 36,6 | 0,5 | 0,2 | 0,0 | 0,4 | 0,2 | 0,2 | 0,0 | 1,9 | 0,8 | 59,2 |
| Damaras | 100,0 | 15,3 | 0,5 | 0,8 | 0,1 | 3,3 | 2,7 | 1,0 | 0,1 | 10,4 | 3,0 | 62,8 |
| Herero's | 100,0 | 20,8 | 0,2 | 0,6 | 0,1 | 2,3 | 2,6 | 0,9 | 0,2 | 6,4 | 2,4 | 63,5 |
| Boesmans | 100,0 | 27,9 | 0,4 | 0,1 | 0,1 | 0,8 | 0,1 | 0,1 | 0,0 | 4,3 | 1,2 | 65,0 |
| Tswanas | 100,00 | 18,4 | 0,2 | 0,7 | 0,2 | 5,8 | 2,7 | 1,1 | 0,2 | 10,5 | 1,4 | 58,8 |
| Ander | 100,0 | 16,6 | 18,2 | 10,1 | 0,8 | 11,2 | 2,8 | 4,2 | 0,2 | 5,6 | 2,2 | 28,1 |
| Totaal | 100,0 | 16,5 | 2,4 | 1,5 | 0,1 | 2,7 | 2,3 | 1,3 | 0,4 | 5,1 | 1,8 | 65,9 |
| Ekonomies bedrywig Totaal | 100,0 | 51,2 | 7,4 | 4,6 | 0,3 | 8,4 | 7,0 | 4,1 | 1,3 | 15,7 | | |

Bron : Departement van Statistiek : 1970 Bevolkingsensus, soos verwerk


## 1970 BEVOLKINGSPIRAMIDE : KLEURLINGE




1970 BEVOLKINGSPIRAMIDE : WAMBO'S





1970 BEVOLKINGSPIRAMIDE : ANDER SWARTES





1970 BEVOLKINGSPIRAMIDE : KAOKOVELDERS





1970 BEVOLKINGSPIRAMIDE : BASTERS





1970 BEVOLKINGSPIRAMIDE : BOESMANS





1970 BEVOLKINGSPIRAMIDE : NAMAS




GROEI VAN STEDELIKE EN PLATTELANDSE BEVOLKINGS (S.W.A.)




SUIDWES - AFRIKA
INLAS CAPRIVI
OOS-CAPRIVI
Andara
0 50 100 150 200
Kilometer
ANGOLA
17°
KYK INLAS
Nuringkuru
Rundu
Ondangwa
Oshakati
OWAMBO
KAVANGO
Opuwo
KAOKOLAND
ETOSHA
Sesfontein
Kamanjab
BOESMANLAND
Tsumkwe
Tsumeb
Grootfontein
Otavi
Outjo
DAMARALAND
Fransfontein
Khorixas
Otjiwarongo
Okakarara
HEREROLAND
Kalkfeld
Omaruru
Okombahe
Karibib
Usakos
Okahandja
22°
Henliesbaai
Swakopmund
Walvisbaai
Windhoek
Witvlei
Gobabis
TSWANA
Rehoboth
REHOBOTH
Leonardville
Aranos
Stampriet
Mariental
Maltahöhe
Gochas
Gibeon
NAMALAND
Berseba
Koës
ATLANTIESE OSEAAN
BOTSWANA
BEVOLKINGSVERSPREIDING
1 STIPPEL = 200 PERSONE
60 000
15 000
5 000
500
HOOFPAD
SPOORWEG
Bethanie
Keetmanshoop
Luderitz
Aus
Araab
Karasburg
Ariamsvlei
Warmbad
17°